

SKRIFGEDEELTE: 3 JOHANNES: 5-12; KOLOSSENSE 1:18 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 3 JOHANNES:9

Diotrefes – Eerste in Christus se diens

Mense hou daarvan om hulleself te laat geld. Waarin moet ons regtig eerste wees? So maklik wil ons in alles wat ons doen, menslike erkenning ontvang. Selfs tussen gelowiges lees ons van die hartseer van die selfgeldingsdrang wat by sommige bestaan.

Diotrefes (deur Zeus opgevoed) was so 'n persoon. Sy liefde ten opsigte van ander verander in 'n verterende vuur van haat en afguns. Die gees van “ek is die belangrikste” wek die een sonde na die ander op. Daarteenoor laat God se liefde die son oor my medegelowige skyn.

Haat en afguns maak jou egosentries. Die liefde van diensbaarheid wat daar in ons moet wees, maak ons Christosentries. Christus beklee in elk geval die eerste plek in die kosmos. Hy is die eerste wat uit die dood opgestaan het. Hy is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde (Op. 22: 13).

Die gelowige moet met sy lewe 'n vulkaan van liefde in sy gemeente en omgewing wees. Dit is iemand wat gehoor en gesien word. 'n Diensbare gelowige wat eerste wil wees, moet juis almal se dienaar wees (Mark. 10:44). Jesus wys konkreet hoe regte diens lyk toe Hy sy dissipels se voete gewas het. Hy word die minste, sodat sy Vader verheerlik kan word. Deur sy lewe vir ons te gee, staan Hy op om die Koning van die koninkryk van die hemel te wees.

Wie wil ons dan dien? God of my eie ek? Hoe maklik gebeur afgunstigheid nie? Wees bedag daarop om mekaar se voordeel in Christus se liggaam te soek. Dit is een van die groot gawes van die Heilige Gees aan die kerk. Ons staan nie los van mekaar nie, maar het een gemeenskaplike Hoof – Jesus Christus. Daarom is ons fokus op die Koning van die kosmos gerig. Deur ons doen en late moet Christus meer word, en ek al minder.

Deur minder te word, word ons steeds meer diensbaar om ons gawes in die kerk van Christus uit te leef. Wedywer daarom nie met mekaar oor wie die belangrikste onder mekaar is nie, maar leef met liefde en begrip vir mekaar om die koninkryk uit te bou.

Sing: Psalm 119:4 (1936)

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)